

4 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 10:12-11:32

Fokusgedeelte: Deut 11:29

‘n Bewuste keuse tussen lewe en dood

Na hierdie lewe is daar net een van twee moontlikhede: Die hemel of die hel! God sê: “Ek hou julle die seën en die straf voor” (vs 26). Volgens vers 29 moes die seën van die Here vanaf die berg Gerisim en die vloek van die Here vanaf die berg Ebal oor Israel afgekondig word. Dit wet van die Here het twee bestanddele: seën of straf. Tussen Gerisim en Ebal lê die vrugbare dal Sigem. Indien Israel die wet van die Here onderhou, sou hulle deel in die seëninge van die land (vs 14). As hulle dit nie doen nie, volg die teendeel (vs 17).

God vra hier ‘n doelbewuste optrede. Godsdienst is doelbewus lewe vir jou Here. Goddeloosheid is om doelbewus weg te lewe van God – doelbewus dien of doelbewus nalaat. By die latere konings van Israel lees ons elke keer: Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here of hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die Here nie (2 Kon). Die duidelikste vergelyking met die twee berge is die kruisgebeure. Daar hang Jesus en weerskante van Hom hang twee rowers. Jesus hang in die middel en is simbool van Sigem. Die een rower hang links, die ander regs en hulle is die simbool van seën of vloek. Die een neem die genade van Jesus aan en die ander een sterf met spot oor Jesus op sy lippe.

By die kruis gaan die paaie uitmekaar. Jy word voor ‘n bewuste keuse gestel (Jos 24:15; 1 Kon 18:21). Jesus sê in Joh 9:39 “Ek het na hierdie wêreld toe gekom om mense voor ‘n beslissing te stel.” Lees ook Johannes 3:36. Is jou keuse die kruis of jou eie sondepad?

Sing: Skrifberyming 45:4,5

Ds LD Aucamp (Cullinan)